

Inhoud Hierdie preek wys met die voorbeeld van Dawid en Batseba wat volharding in sonde beteken: volharding in sonde is verontmensliking van mense en ontgoddeliking van God. Dit is nie om met een of meer sondes in jou lewe te sukkel nie maar om 'n sonde as liefde en geregtigheid te glo. Bekering in Christene se lewe is hoe hulle nie in sonde volhard nie.

Skriflesing 2 Samuel 11

Teks 2 Sam. 11: "Dawid het vir die boodskapper gesê: Jy moet vir Joab so sê, 'Hierdie voorval moet jy nie as iets verkeers beskou nie. Die swaard verteer immers nou weer so, en dan weer so.'"

Tema Bekering is hoe ons ophou om in sonde te volhard

1. Dinge gebeur maar soos dit gebeur. Dit is maar net soos die lewe is. Dit is nou maar die verloop van die lewe. 'n Mens bly maar 'n mens. Dit is maar menslik. 'n Mens moet nie in alles sonde wil sien nie. Ons moet nie weer begin met sondelyste nie.

Dit is wat Dawid hier oor die dood van 'n hele peloton soldate oor sonde bely: "Moenie hierdie voorval as iets verkeers beskou nie. Dit is nou maar die verloop van oorlog. Die dinge gebeur maar."

Dawid bedoel met hierdie apatiesie afsydigheid oor die dood van sy eie soldate dat dit is maar eintlik hoe God dinge laat gebeur. Omdat God dinge laat gebeur soos dit gebeur, moet 'n mens nie wat gebeur het sien as iets verkeers nie. 'n Mens moet berus in die magtigheid waarmee God dinge laat gebeur!

Met hierdie gelatenheid en afsydigheid oor die dood van sy eie soldate verklaar Dawid dat sy sonde is nie iets verkeers nie. Sy sonde is maar net hoe God dinge laat gebeur!

Dit is hoe Dawid in sy sonde volhard!

Hy maak asof dit wat hy deur sy sonde bewerk is hoe God dinge maar laat gebeur. Om in sonde te volhard is om God se Naam te gebruik om wat jy met sonde bewerk as die wil en werk van God voor te hou. Dit is om God se naam te gebruik om jou sonde te regverdig as iets wat nie verkeer is nie: "Moenie die voorval as iets verkeers beskou nie."

2. Watter voorval? Die dood van 'n hele peloton soldate!

Hoe het hierdie voorval plaasgevind? Dit is wat vir ons in hoofstuk 11 van 2 Samuel openbaar word. Die dood van hierdie soldate het begin met die koning se wandeling op die dak van sy paleis.

Dawid se wandeling op sy paleis se dak is binne die rus wat God hom gegee het van al sy vyande. God het hom Goliath laat verslaan, as bevelvoerder van Saul se leer hom aanhoudende oorwinnings oor die Filistyne gegee, hom as vlugteling voor

koning Saul al die jare beskerm, Dawid koning gemaak en al sy vyande voor hom verdryf sodat hy 'n nuwe hoofstad kon vestig, Jerusalem as die magsetel van die hele Israel en die tuiste van die tabernakel met die ark kon maak.

In hierdie weg van skaapwagter uit 'n geringe familie tot koning het Dawid homself altyd as die Here se dienaar gesien. In die rustigheid van hierdie gevestigde mag wandel Dawid en kyk van die paleis se dak binne die erf van Batseba waar sy besig was om te bad.

Hy vind haar aanloklik en begeer haar. Hy doen navraag en vind uit dat sy getroud is met Urija, die Hetiet. Urija is een van Dawid se elite troepe in sy spesmag. Soos ons dit geken het as die rekkies. Hy vind ook uit dat sy sy raadgewer Agitofel se kleindogter is.

Na hy dit uitgevind het, begeer Dawid haar soos in "jy mag nie 'n ander man se vrou begeer nie." Dawid het baie eie vroue en kan as koning soveel vroue vat as wat hy wil, maar hy begeer 'n ander man se een vrou.

3. Dan gebruik Dawid sy gesag wat God hom as koning gegee het om Batseba amptelik op te roep om na die paleis toe te kom. Ons mag geen verskuilde motief inlees is Batseba se bad in haar eie privaat erf of haar gediensdigheid om na die koning te gaan op sy bevel nie.

Die brutaliteit van wat Dawid doen word kort en kragtig só gestel: Sy het na hom gekom en hy het met haar gemeenskap gehad. Sy het gekom in opdrag sonder om te weet waarvoor en Dawid het sy posisie gebruik om met haar gemeenskap te hê. Daarna moes sy huis toe gaan. Dawid wou dit as eenmalige wellustige aandjie met 'n ander man se vrou beleef. In vandag se reg sou dit ook as 'n verkragting deur magsmisbruik as 'n werkgewer of politikus veroordeel word.

En toe is sy swanger. Vers 4 wys dat dit net Dawid se kind kan wees. Volgens die wet van Israel moes 'n man wat egbreuk met 'n ander man se vrou pleeg sowel as die vrou doodgemaak word as hulle uitgevind word. (Levitikus 20:10)

Toe probeer Dawid bedrog pleeg. Hy probeer om sy vaderskap van die kind te verduister sodat Urija sou glo dat dit sy kind is. Dawid is die hoof van die weermag. Hy maak asof hy ingelig wil word oor hoe die oorlog teen die Ammoniete in Raba besig is om te verloop deur vir Urija op te roep om na die paleis toe te kom as boodskapper van die oorlogsfront af. Na sy bedrieglike navraag oor die oorlog gee hy vir Urija as soldaat in wat ons vandag sal noem – naweek pas.

Hy moet gesellig by sy vrou gaan kuier en voor hy by die paleis uitgaan gee Dawid hom 'n geskenk van kos en drank. Dit is 'n lokval. Dawid het veronderstel dat Urija met sy vrou sou gesellig verkeer op so wyse dat hy na die aand sou glo dat die kind wat Dawid verwek het, is sy eie kind.

4. Dan gebeur daar iets besonders. Urija gaan nie na sy huis toe nie maar gaan slaap in die barakke van die soldate wat die paleiswagte is. Dawid daag hom toe weer voor hom en wou weet hoekom hy nie huis toe gegaan het nie. Dit beteken dat Dawid sy optrede sien as die oortreding en minagting van 'n koninklike bevel.

Urija se verduideliking wys dat hier voor Dawid 'n man staan wat met die geloof waarmee Dawid teen Goliat geveg het, besig is om teen die vyande van die volk van God te veg. Dawid moes dadelik in Urija 'n medegelowige gesien en liefgekry het, net soos hy Jonathan vir sy geloof en liefde vir die Here liefgehad het.

Urija se getuigenis is soort gelyk aan Dawid se geloofsbelydenis aan Goliat gewees: "Die oorlog behoort aan die Here en Hy sal julle in ons hand gee." (1 Sam. 17:47)

Urija verklaar sy geloof dat hy aan die Here behoort en in diens van die Here is deur sy oorlogsdienste deur te stel dat hy nie op sy persoonlike ontspanning en genot ingestel kan wees terwyl die ark van die Here, sy bevelvoerder en sy mede-troepe in tente op die oorlogsfront moet slaap nie. Hy glo homself deel van die gemeenskap van die gelowiges.

Urija se geloofsbelydenis moes Dawid diep in die hart geruk het oor sy ingesteldheid op sy persoonlike begeertes terwyl Urija op die diens van die Here en sy volk ingesteldheid. Vir Urija se eerbied, toewyding en lojaliteit het Dawid nou egter blind geword. Hy sien in Urija net die bedreiging van sy mag.

Daarop gee Dawid nou aan Urija die bevel om met hom as koning te kuier. Dawid maak hom drink om sy geloof en toewyding te ondermyn sodat hy in sy dronkenskap by sy vrou moet gaan slaap. Urija by egter in sy gedwonge dronkenskap vas in sy geloof en toewyding.

5. Omdat Urija standvastig bly, besluit Dawid om hom te laat vermoor en maak hom die draer van sy eie doodsvonnis met 'n brief aan die hoof van die leer, Joab. Dawid betrek nou die hoof van die leer by 'n staatsgeorganiseerde moordkomplot – 'n doelbewuste beplande mislukte militêre operasie.

Die berig oor die moordkomplot word só aan Dawid oorgedra: hulle het gemaak asof hulle voor die vyand vlug om hulle uit die stad te lok, toe draai hulle om en val hulle aan. In die agtervolging het Joab 'n hele gevegseenheid met Urija voor binne die trefafstand van die boogskutters in gestuur en hulle laat doodskiet om Urija se moord as 'n militêre fout te verdoesel.

Dit is die voorval wat Dawid dan oor verklaar dat dit nie iets verkeerd was nie omdat dit nou maar in oorlog so gebeur. God laat dit so gebeur en daarom moedig Dawid Joab kamstig aan om in God te bly glo en vir God dapper te bly veg.

Watter God?

Die Een in wie se Naam Dawid vir Goliat verslaan het, dapper besig met God se stryd of die God vir wie niks verkeerd is nie en dinge maar laat gebeur soos dit gebeur?

Die God oor wie Dawid se ontstel geraak toe Hy bespot word deur die goddelose Goliat of die God wat Dawid bespotlik maak as die God wat 'n hele peloton sommer net laat sneuwel om Dawid se egbreuk 'n geheim te hou? Dit is die God in wie se Naam Dawid met Batseba getrou het nie uit liefde maar om 'n egbreuk te regverdig, die God in wie se Naam hy 'n huwelik opgebreek het en die gesag van sy

koningskap en die mag van sy leer voor gebruik het vir 'n politieke moord en sy almal slagoffers van sy sonde gemaak het – die God wat dinge maar só laat gebeur!

7. Dawid se volharding in sy sonde maak hom blind!

Dawid moes onmiddellik gesien het dat wat hy nou met Urija doen, is presies wat Saul met hom gedoen het en waarteen God hom beskerm en bewaar het. Saul het sy hele weermag gebruik om Dawid te probeer vermoor uit sy begeerte om sy koningskap na sy seun te laat oorgaan. Saul het Dawid se huwelik opgebreek en sy vrou aan 'n ander man gegee. Daarvoor het God Saul as koning verwerp en Dawid in sy plek aangestel.

In sy volharding in sonde doen Dawid nou met Urija en die weermag presies wat Saul gedoen het en waarvoor God hom verwerp, en waarteen God Dawid beskerm het. Maar sy volharding in sonde laat hom sy medemenslikheid verloor. Hy kan nie meer die mens wees wie God teen Saul beskerm het nie en hy kan nie homself meer in Urija raaksien nie.

In die roes van sy eimagtigheid het hy sy medemenslikheid verloor – soos die profeet Natan aan hom uitgewys het: hy kon nie meer die arm man jammer kry nie. (2 Sam. 12: 6)

8. Volharding in sonde maak dat 'n mens al God se gebooie oortree!

Dawid begeer Batseba (Jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie), hy misbruik sy gesag om haar te verkrag, Urija te probeer mislei en sy geloof te ondergrawe, (eer jou vader en moeder), hy laat Urija en 'n hele peloton soldate doodmaak, (jy mag nie moord pleeg nie), hy steel Urija se vrou (jy mag nie steel nie) en hy pleeg bedrog om Urija dood te maak (jy mag nie valse getuienis gee nie).

Deur te volhard in die verontmensliking van Batseba as seksobjek, verontmenslik hy homself, sy amp, sy amptenare en sy hele land.

Volharding in sonde maak van God 'n afgod.

Dit doen Dawid deur God wat hom al die tyd bewaar, beskerm en seën voor te hou as 'n god wat sy sonde regverdig “moet die voorval nie as iets verkeerds beskou nie. (Jy mag nie die Naam van God misbruik nie). Gode wat sonde regverdig is afgode en só moedig Dawid Joab nou aan in die Naam van 'n afgod om dapper te wees in die sonde wat Joab in opdrag van die koning gedoen het (Jy mag naas God geen ander gode hê nie). Om dapper te wees vir die god in wie se naam jy troepe onskuldig opgeoffer het vir die koning se sonde is hoe jy voor 'n afgod in aanbidding buig en om voor te gee God is wisselvallig en laat dinge maar gebeur soos dit gebeur om jou sondes daarmee te verskoon is hoe jy van God 'n afgodsbeeld maak. (Jy mag geen gesnede beeld maak van God nie). So onheiligh (ontgoddelik) jy God en ontwy jou jouself (verontmenslik) teenoor God. (Gedenk die Sabbatdag)

Volharding in sonde vernietig die lewe met God en jou naaste wat die gebooie van God beskerm. Verontmensliking ontgoddelik God!

Om in een sonde te volhard is nie om met een sonde in jou lewe te sukkel nie. Dit is om een sonde as liefde en gehoorsaamheid vir jou self te glo. Om in so een sonde te volhard asof dit reg is, vernietig al die gebooie en die lewe met God en mense.

Dit is soos 'n sweer in die liggaam. Een sweer wat nie behandel word nie, maar net so aanvaar word, word septies, gee infeksie in die hele liggaam en lei tot die dood.

9. Sonde is nie maar net 'n ander lewenswyse waarop die lewe goed is nie. Sonde vernietig lewe. Dit breek huwelike op, moor mense, maak die samelewing bedrieglik, verbreek gesag en ontnem mense hul eiendomsreg. Dit maak God dat nie meer God met ons is, maar 'n apatiese God wat willekeurig en wisselvallig doen wat Hy wil en vir ons afwesig is.

'n Gemeenskap waarin niks meer sonde is nie maar almal glo dat dinge gebeur maar soos dit gebeur, is 'n gemeenskap wat homself verteer en vernietig deur sy sondige drifte.

Die profeet spreek die kerk van die Here aan wat so houding in die gemeenskap teenoor God ingeneem het in Mal. 2:17: "Julle het die Here moeg gemaak met die woorde wat julle gesê het, en dan vra julle nog: "Waarmee het ons Hom moeg gemaak?" Julle het dit gedoen toe julle gesê het "vir die Here is almal wat verkeerd doen, goeie mense, Hy hou van hulle," of toe julle gevra het: "Waar is die God wat eg moet laat geskied." Niks is verkeerd nie, dit is maar net hoe dinge gebeur is hoe Dawid en Joab voorhou God hou van sondigheid terwyl alles wat verkeerd is aan die deur van God se willekeurigheid gelê word.

'n Gemeenskap waarin sonde nie meer sonde is nie, maar dit maar net is hoe dinge gebeur en moet gebeur, is 'n gemeenskap wat sonde bedryf in die Naam van God. Dit is die nuwe gemeenskapsorde wat ons moet sanksioneer in God se Naam – moenie die voorval as iets verkeerds beskou nie. Dit is maar net hoe God dinge lat gebeur.

Gelowiges kan nooit so in sonde bly volhard nie. Hulle bekeer hulle van sonde.

Bekering is hoe gelowiges opbou om in sonde te volhard.